



# FLICK-FLACK

**BEFORE USING THIS PRODUCT, READ THE LABEL CAREFULLY**

**GEBRUIKSAANWYSINGS INGESLUIT**  
**VERWYS NA BESONDERHEDE**  
**SOOS OP HOUER / SAK GEDRUK**

Lotnommer  
 Datum van vervaardiging

**HERBICIDE**

## FLICK-FLACK

Reg. No. L10154, Act/Wet No. 36 of/van 1947

1: 22/09/2016

**A suspension concentrate post-emergence herbicide for the control of certain broadleaf weeds in the crops as indicated in the Western, Southern and Eastern Cape.**

**'n Suspensiekonsentraat na-opkoms onkruidoder vir die beheer van sekere breëblaaronkruide in gewasse soos aangedui in die Wes-, Suid- en Oos-Kaap.**

HRAC HERBICIDE GROUP CODE	B;B	HRAC ONKRUIDDODER GROEPKODE
<b>ACTIVE INGREDIENTS / AKTIEWE BESTANDELE</b>		
Florasulam (triazolopyrimidine)	75 g/ℓ	Florasulam (triasolopirimidien)
Flumetsulam (triazolopyrimidine)	100 g/ℓ	Flumetsulam (triasolopirimidien)

Registration Holder / Registrasiehouer  
**Meridian Agrochemical Company (Pty.) Ltd. / (Edms.) Bpk.**  
 Reg. No. 2000/010819/07  
 P.O. Box / Posbus 436, Modderfontein, 1645, South Africa / Suid-Afrika

1ℓ

UN Number: 3082

CAUTION / VERSIGTIG

**DIRECTIONS FOR USE ENCLOSED**  
**REFER TO DETAILS AS PRINTED**  
**ON CONTAINER / BAG**

Batch Number  
 Date of manufacture

### **Withholding periods:**

Wheat and oats: Allow at least 30 days between application and grazing of livestock.

**NOTE:** Withholding periods above are based on local requirements for residue levels and may differ from other countries to which treated products may be exported.

### **WARNINGS**

- May be harmful if swallowed.
- Handle with care.
- May cause eye irritation.
- Store under a lock and key in a cool, dry, well-ventilated area away from food, feed and seed.
- Store in the original, tightly closed, container away from sun and damp.
- Avoid storage at temperatures above 35 °C.
- Keep out of reach of children, animals and uninformed people.
- Do not spray over, or allow any spray drift to contaminate water and adjacent areas.
- **Re-entry:** Do not enter the treated area until the spray deposit has dried unless wearing protective clothing.
- **FLICK-FLACK** has been tested on the most important commercial cultivars without any phytotoxic effects. More susceptible cultivars may be released in future which need to be tested; for this apply **FLICK FLACK** to a limited test area before commercial applications are made.
- **Aerial application:** Notify all inhabitants in the immediate vicinity of the area to be sprayed and issue the necessary warnings. Do not apply over water bodies and ensure that spray drift will not contaminate areas under treatment.

**Although this remedy has been extensively tested under a large variety of conditions, the registration holder does not warrant that it will be effective under all conditions. The activity and effect thereof may be affected by factors such as abnormal soil, climatic and storage conditions, quality of dilution water, compatibility with other substances not indicated on the label and the occurrence of resistance of the weed against the remedy, as well as by the method, time and accuracy of application. The registration holder furthermore does not accept responsibility for damage to crops, vegetation, the environment or harm to man or animal, or for lack of performance of the remedy concerned due to failure by the user to follow the label instructions, or to the occurrence of conditions which could not have been foreseen in terms of the registration. Consult the supplier in the event of any uncertainty.**

### **PRECAUTIONS**

- Do not inhale the spray mist.
- Avoid skin contact.
- Wear protective clothing when mixing this product.
- Wash with soap and water directly after use or skin contact.
- In the case of eye contact, rinse immediately with clean running water for at least 15 minutes.
- Do not smoke, eat or drink whilst handling this product or before washing hands and face and changing clothes.
- Prevent contamination of food, feed, drinking water as well as eating utensils.
- Wash contaminated clothing daily.
- Invert the empty container over the spraying or mixing tank and allow it to drain for at least thirty seconds after the flow has slowed down to a drip. Thereafter, rinse the container three times with a volume of water equal to at least 10% of the volume of the container. Add the rinsings to the contents of the spray tank before destroying the container in the prescribed manner.
- Avoid spray drift onto other crops, grazing, rivers, dams or other areas not under treatment.
- Clean all equipment thoroughly following use and dispose of the wash water where it will not pollute the environment or contaminate crops, grazing, rivers or dams.
- Destroy the empty container by perforation, flattening and burning at an appropriate industrial incinerator approved for pesticides. Do not use it for any other purpose. Do not bury in any area under agricultural use.  
Dispose of surplus product at an appropriate industrial incinerator approved for pesticides. Do not bury in, or spray onto, any area under agricultural use.
- Empty the used containers well, rinse several times with water and pour the rinsed solution into the spray tank.

## USE RESTRICTIONS

- Do not apply **FLICK-FLACK** to cereals under sown with legumes.
- Do not apply to crops that are stressed by severe weather conditions, drought, water-logging, disease, insect damage or any other conditions which may cause stress to the crop.
- Apply the product strictly in accordance with the application directions.
- Do not contaminate any water body such as dams, rivers, boreholes etc.
- Crops other than Wheat, Barley and Oats can be extremely sensitive to low concentrations of **FLICK-FLACK** in the soil. Thus, careful consideration **MUST** be given to crop rotation plans prior to the application of **FLICK-FLACK**.

In order to avoid injury to subsequent crops, the following re-cropping intervals should be observed:

Crop	Re-cropping interval
Lucerne, Medics	3 months
Wheat, Barley, Oats	May be replanted without any restrictions in the season following the application of <b>FLICK-FLACK</b>
All other crops	12 months

**Note:** The above-mentioned waiting periods will only be valid if the correct quantity of **FLICK-FLACK** has been applied according to the label application recommendations. **A test planting is always recommended.**

- Do not apply to any crop or situation not mentioned in this label.
- Do not apply this product in combination or tank mixture with any other product or agricultural remedy which is not specifically listed on this label. Meridian Agrochemical Company (Pty.) Ltd. accepts no responsibility for any negative effects experienced if the instructions on this label are not adhered to, unless a Meridian representative was consulted beforehand.

## RESISTANCE WARNING

For resistance management, **FLICK-FLACK** is a member of the triazolopyrimidine group of herbicides and has the ALS (AcetoLactate Synthase) inhibition mode of action. These are classified as HRAC Group Code B herbicides. Any weed population may contain individuals naturally resistant to **FLICK-FLACK** and other Group Code B or ALS-inhibitor herbicides. These resistant individuals can eventually dominate the weed population if these herbicides are used repeatedly. These resistant weeds may not be controlled by **FLICK-FLACK** or any other Group Code B or ALS-inhibitor herbicides.

### To delay herbicide resistance:

- Avoid exclusive repeated use of herbicides from the same herbicide Group Code. Alternate or tank mix with registered products from different herbicide Group Codes.
- Integrate other control methods (chemical, cultural, biological) into weed control programmes.
- Maintain herbicide use records for each field.
- Prevent the movement of resistant weed seeds and vegetation to other fields by cleaning harvesting and tillage equipment and by planting clean seed.
- When grazing, start with lands with the lowest weed resistance before moving to lands with a high resistance as the animals may spread the seed.
- Inspect all lands annually in order to identify the development of resistance from an early stage.

For specific information on resistance management contact the registration holder of this product.

The presence of resistant weeds is difficult to detect prior to use and therefore neither the Registration Holder nor the Distributor can accept responsibility for any losses as a result of **FLICK-FLACK** not controlling resistant weeds. Do not apply **FLICK-FLACK** alone in situations where weed resistance has been confirmed. Sub-standard application of **FLICK-FLACK** will lead to inferior weed control and may assist in development of herbicide resistance. It is of the utmost importance to inspect treated areas at regular intervals in order to identify the occurrence of herbicide-resistant weeds timeously.

## MODE OF ACTION

**FLICK-FLACK** is an ALS-inhibitor. It is a systemic herbicide. Plant uptake occurs via the roots, shoots and leaves of plants, followed by translocation to the growth points.

**FLICK-FLACK** rapidly inhibits the growth of susceptible weeds. However, visible symptoms of dying weeds may not be noticeable for 1 – 3 weeks following application, depending on the susceptibility of the weed as well as the growing conditions.

## **DIRECTIONS FOR USE**

Use only as directed.

## **COMPATIBILITY**

The compatibility of **FLICK-FLACK** with other products depends on the formulations of the respective products as well as the quality of the spray water to be used. As formulations change from time to time it is recommended that a physical compatibility test be done prior to the tank mixture being made. Do not mix **FLICK-FLACK** with any products not listed in this label. **FLICK-FLACK** is compatible with **ALKANOX EC**, **BROMOXY EC** and **PRISM 20 WG**.

**When using other products in a spray program with FLICK-FLACK always consult the labels of those particular products regarding directions and restrictions for their application and crop rotation recommendations.**

Consult a Meridian Agritech representative for details.

## **MIXING AND APPLICATION INSTRUCTIONS**

**FLICK-FLACK** is a suspension concentrate formulation that mixes easily with water if the following mixing instructions are adhered to:

- Quarter to half-fill the spray tank with suitable water.
- Start the agitation.
- Add the required volume of **FLICK-FLACK** to the tank.
- **Maintain constant agitation** while topping up the tank with water and when spraying.
- Use the **FLICK-FLACK** preparations within 24 hours of preparation or the efficacy may be reduced due to product degradation. Thoroughly re-agitate before using. Spraying equipment must be thoroughly flushed out at the end of the spraying operation (refer to "Sprayer Clean-up" below).

## **SPRAYER CLEAN-UP**

In order to prevent injury to subsequent crops other than Wheat or Oats, all traces of **FLICK-FLACK** must be removed from the mixing and spraying equipment as follows:

- The spray tank must be drained immediately after application. Any contamination on the outside of the sprayer must be washed off with clean water.
- The inside of the spray tank must be rinsed with clean water and flushed with at least one tenth of the spray tank volume through the hoses and nozzles. The tank must be drained completely.
- Half-fill the spray tank with clean water and add the correct quantity of a suitable cleaning agent: Per 100 l of the final tank volume, add 350 ml of household ammonia (9.5% ammonia) to the water, e.g. in the case of a 1 000 l spray tank, fill with 500 l water and add 3.5 l (= 10 x 0.35 l) household ammonia. The initial solution prepared (which is double strength) should be mixed thoroughly by turning on the agitation. This solution must now be used for flushing the hoses and nozzles for approximately 1 minute. The remainder must be filled up to the final volume of the spray tank and allowed to stand for 15 minutes with the agitation running. After this 15-minute interval, flush the boom and hoses again and drain the tank completely.
- Remove the nozzle and filters and allow them to soak in a bucket containing 40 ml of household ammonia per 10 l of water.
- Rinse the tank again with clean water and flush at least one tenth of the tank volume through the boom and hoses.
- Dispose of the wash water in a safe manner. Do not spray onto sensitive crops or land which is intended for planting with sensitive crops.

## **PRECAUTIONS FOR SPRAYER CLEAN-UP**

- Do not inhale the vapour of the cleaning agents.
- Avoid contact with eyes and skin.
- In case of contact with skin and eyes, immediately rinse with plenty of water and seek medical advice.
- Keep out of reach of children, uninformed persons and animals.
- Keep the cleaning agents in the original containers only.

## **APPLICATION METHODS**

Ensure that the equipment is correctly calibrated and is checked regularly during application to ensure even and accurate application. Ensure uniform coverage.

### **Ground application:**

- **FLICK-FLACK** can be applied using any medium or high volume sprayer equipped with an efficient agitation mechanism and which is capable of adequate and even coverage. The best results are obtained using flat fan-type spray nozzles and applying a minimum spray volume of 150 – 200 ℓ water per hectare. For an air-driven sprayer, a spray volume of 75 – 100 ℓ of water per hectare should be used.

### **Aerial application**

Aerial application may only be done by a registered aerial application operator using a registered and correctly calibrated aircraft according to the instructions of SANS Code 10118 (Aerial Application of Agricultural Remedies). It is important to ensure that the spray mixture is distributed evenly over the target area and that the loss of spray material during application is restricted to a minimum. It is therefore essential that the following criteria are met:

#### **Equipment**

- Use suitable atomising equipment that will produce the desired droplet size and coverage of the target area and will ensure minimum loss of product through drift.
- The spraying system must produce a droplet spectrum with the lowest possible Relative Span.
- All nozzles and atomisers should be positioned within the inner 60-75% of the wingspan to prevent droplets from entering the wingtip vortices.

#### **Application Parameters**

- A droplet spectrum with a VMD of 300 - 350 microns is recommended. Ensure that the production of fine droplets, with a VMD of less than 150 microns, is restricted to a minimum.
- The height of the spray boom should be maintained at 3 – 4 m above the target.
- Do not spray when the aircraft is in a climb, at the top of a turn or during a dive or when banking.
- A minimum volume of 30 – 35 ℓ spray mixture per ha is recommended. As this product, has not been evaluated at a reduced volume rate, the registration holder cannot guarantee efficacy nor be held responsible for any adverse effects if this product is applied aerially at a lower volume rate than recommended.
- A minimum droplet coverage of 25 – 35 droplets per sq. cm must be recovered at the target.

#### **Meteorological Conditions**

- The difference between the wet and dry bulb readings as determined by a whirling hygrometer must not exceed 8 °C.
- Do not spray under turbulent, unstable conditions or during the heat of the day when rising thermals and downdraughts occur.
- Do not spray under temperature inversion conditions (spraying in or above the inversion layer) and/or high humidity conditions (relative humidity 80% and above). As this may lead to:
  - a) Reduced efficacy due to inadequate coverage due to suspension and evaporation of small droplets in the air.
  - b) Damage to sensitive crops and non-target areas due to drifting of the suspended spray cloud away from the area under treatment.
- Do not spray when the wind speed exceeds 15 km per hour.

#### **General**

- Ensure that fields are accurately marked and that the aerial spray operator knows exactly which fields to spray.
- Obtain an assurance from the aerial spray operator that the above requirements will be met and that the relevant data will be kept for future reference.

## RECOMMENDATIONS

CROP / WEEDS	APPLICATION RATE / ha	REMARKS
<b>GROUND AND AERIAL APPLICATION</b>  <b>Wheat and Oats</b>  <i>Raphanus</i> + other weeds listed	50 ml <b>FLICK-FLACK</b>	Ensure that the information under "DIRECTIONS FOR USE" is adhered to.  Apply between the 2 leaf and the end of the tillering stage of the crop, when the weeds are in the seedling (2-4 leaf) stage.  Where grass seeds, such as wild oats, canary seed grass or ryegrass are a problem in wheat, the tank mixtures as recommended under "Compatibility" should be consulted.
	50 ml <b>FLICK-FLACK</b> + 350 ml <b>BROMOXY EC</b>	Ensure that the information under "DIRECTIONS FOR USE" is adhered to.  Apply between the 3 leaf and late tillering stage of the crop, when the weeds are in the seedling (2-4 leaf) stage.
<b>GROUND APPLICATION</b>  <b>Wheat</b>  <i>Raphanus</i> + other weeds listed	50 ml <b>FLICK-FLACK</b>  Plus  10.5 g <b>PRISM 20 WG</b>	Ensure that the information under "DIRECTIONS FOR USE" is adhered to.  Apply between the 3 leaf and late tillering stage of the crop, when the weeds are in the seedling (2-4 leaf) stage.  <b>Note:</b> Consult the <b>PRISM 20 WG</b> label for further details.

## NOTE

- On Wheat and Oats **FLICK-FLACK** may, under certain circumstances, cause leaf abscission and/or yellowing of the lower leaves. However, this will not have a negative impact on the crop yield.
- For maximum broadleaf weed control, apply **FLICK-FLACK** with **BROMOXY EC** to young weeds at the seedling stage but before they are beyond the 4-leaf stage. The weeds should be actively growing under moist conditions. Weeds which are growing under stress conditions may be less susceptible.

## WEEDS NORMALLY CONTROLLED

The following weeds will normally be controlled by **FLICK-FLACK**:

<i>Anagallis arvensis</i>	Pimpernel
<i>Arctotheca calendula</i>	Cape Marigold
<i>Lupinus angustifolius</i>	Volunteer lupins
<i>Malva parviflora</i>	Small Mallow
<i>Polygonum aviculare</i>	Prostrate Knotweed
<i>Raphanus raphanistrum</i>	Wild radish
<i>Medicago</i> spp. / <i>Trifolium</i> spp.	Clovers
<i>Urtica urens</i>	Small Stinging Nettle

The following weeds will normally be controlled by **FLICK-FLACK + BROMOXY EC**:

<i>Anagallis arvensis</i>	Pimpernel
<i>Arctotheca calendula</i>	Cape Marigold
<i>Emex australis</i> *	Spiny Emex

<i>Lupinus angustifolius</i>	Volunteer lupins
<i>Malva parviflora</i>	Small Mallow
<i>Polygonum aviculare</i>	Prostrate Knotweed
<i>Raphanus raphanistrum</i>	Wild radish
<i>Medicago</i> spp. / <i>Trifolium</i> spp.	Clovers
<i>Urtica urens</i>	Small Stinging Nettle

\*For the control of *Emex australis* use only ground application and NOT aerial application.

**The following weeds will normally be controlled by FLICK-FLACK + PRISM 20 WG**

<i>Arctotheca calendula</i>	Cape marigold
<i>Malva parviflora</i>	Small mallow
<i>Medicago</i> spp. / <i>Trifolium</i> spp.	Clovers
<i>Raphanus raphanistrum</i>	Wild radish
<i>Urtica urens</i>	Small stinging nettle

The **FLICK-FLACK** treatments control the above- mentioned weed species. Other weed species that were not present in the development trials of this product may also be controlled to a certain degree. The registration holder accepts no responsibility for unlisted weeds.

**ACKNOWLEDGEMENT OF TRADEMARKS**

Alkanox EC (L.9764)  
 Bromoxy EC (L.9115)  
 Prism 20 WG (L. 8131)

Meridian Agrochemical Company (Pty) Ltd.  
 Meridian Agrochemical Company (Pty) Ltd.  
 Meridian Agrochemical Company (Pty) Ltd.

## Onthoudingsperiodes:

Koring en Hawer: Laat ten minste 30 dae toe tussen toediening en beweiding deur vee.

**NOTA:** Die bogenoemde aanbevole onthoudingsperiodes voldoen aan die vereistes vir plaaslike residuvlakke, maar mag dalk nie aan vereistes vir uitvoer voldoen nie.

## WAARSKUWINGS

- Mag skadelik wees as ingesluk word.
- Hanteer versigtig.
- Mag oog-irritasie veroorsaak.
- Berg agter slot-en-grendel in 'n koel, droë, goed-geventileerde plek, weg van voedsel, voer en saad.
- Bêre in die oorspronklike, dig-verseëde houer, weg van sonlig en vogtigheid.
- Vermoed beriging bokant temperature van 35 °C.
- Hou buite bereik van kinders, diere en oningeligte persone.
- Moenie bo-oor water of aangrensende gebiede spuit nie, of toelaat dat spuitnewel daarheen wegdryf en dit besoedel.
- **Herbetreding:** Moenie behandelde gebied betree alvorens spuitneerslag droog is nie, tensy beskermende oorklere gedra word.
- **FLICK-FLACK** is sonder enige fitotoksiseitskade op die mees belangrikste kommersiële kultivars getoets. Meer sensitiewe kultivars mag in die toekomst vrygestel word en dan moet **FLICK-FLACK** eers op klein skaal getoets word, alvorens groot kommersiële bespuitings gemaak word.
- **Lugtoediening:** Stel al die inwoners in die onmiddellike omgewing van die gebied wat bespuit gaan word in kennis en reik die nodige waarskuwings uit. Moenie oor aangrensende gebiede of oor water spuit, of die spuitstof daarheen laat oorwaai nie.

**Alhoewel hierdie middel omvattend onder 'n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie. Die werking en doeltreffendheid daarvan kan beïnvloed word deur faktore soos abnormale grond-, klimaats- en bergingstoestande; kwaliteit van verdunningswater, verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui word nie en die voorkoms van weerstand van die onkruid teen die betrokke middel, sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van die toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei, die omgewing of vir nadelige invloede op mens of dier of vir 'n gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van die versuim van die gebruiker om etiketaanwysings na te kom, of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in die geval van enige onsekerheid.**

## VOORSORGMAATREËLS

- Vermoed die inaseming van dampe en sproeinewel.
- Verhoed kontak met vel.
- Dra beskermde klere wanneer die produk hanteer word.
- Was deeglik met seep en water na gebruik, asook in die geval van aanraking met vel.
- In die geval van oogkontak, hou ooglede oop en spoel vir 15 minute met lopende skoon water.
- Moenie rook, eet of drink tydens hantering van die produk of voordat hande en gesig gewas is en skoon klere aangetrek is nie.
- Verhoed besoedeling van voedsel, voer, drinkwater en eetgerei.
- Was besoedelde klere daaglik.
- Keer die leë houer om oor die spuittenk of mengbak en dreineer vir minstens 30 sekondes nadat die vloeï tot 'n gedrup verminder het. Spoel die houer daarna driekeer uit met 'n volume water gelykstaande aan 'n minimum van 10% van die houer. Gooi die spoelwater by die inhoud van die spuittenk voordat die houer op die voorgeskrewe wyse vernietig word.
- Verhoed wegdrywing van die sproeinewel na ander gewasse, weidings, riviere, damme of ander gebiede wat nie behandel word nie.
- Maak toerusting voor en na gebruik skoon. Gooi die waswater weg waar dit nie die omgewing, gewasse, weidings, riviere, damme sal besoedel nie.
- Vernietig leë houers deur gate daarin te maak en dit plat te slaan en by 'n goedgekeurde industriële verbrandingsfasiliteit vir plaagdoders te laat verbrand. Moet nie die houers vir enige ander doel gebruik nie. Moet dit nie in enige landbougrond begrawe nie.



- Oortollige produk moet by 'n goedgekeurde industriële verbrandingsfasiliteit vir plaagdoders verbrand word. Moet dit nie begrawe of op enige landbougrond uitspuit nie.

## GEBRUIKSBEPERKINGS

- Moet nie **FLICK-FLACK** op graan met ondergesaaide peulgewasse toedien nie.
- Moet nie **FLICK-FLACK** op gewasse wat onder stremming verkeer a.g.v. strawwe weersomstandighede, droogte, versuipde gronde, siektes, insekskade of enige ander toestand wat stremming op die gewas plaas, toedien nie.
- Die produk moet streng volgens die gebruiksaanwysings toegedien word.
- Moet nie enige waterbronne soos damme, riviere, boorgate ens., besoedel nie.
- Ander gewasse behalwe Koring, Gars en Hawer mag baie sensitief teenoor lae konsentrasies **FLICK-FLACK** in die grond wees. Deeglike oorweging **MOET** dus gegee word aan wisselboubeplanning alvorens **FLICK-FLACK** gebruik word.

Om skade aan opvolggewasse te voorkom, moet op die volgende wagperiodes gelet word:

Gewas	Wagperiode
Lusern en Medics	3 maande
Koring, Gars en Hawer	Mag sonder enige beperkings die daaropvolgende seisoen, na die toediening van <b>FLICK-FLACK</b> , geplant word.
Alle ander gewasse	12 maande

**Nota:** Die bogenoemde wagperiodes is slegs geldig indien die korrekte hoeveelheid **FLICK-FLACK** toegedien word, soos wat die aanbeveling in die voorskrifetiket aandui. 'n **Plantingstoets word altyd aanbeveel.**

- Moet nie **FLICK-FLACK** op enige gewas of situasie aanwend wat nie in die voorskrifetiket verskyn nie.
- Moet nie hierdie produk in kombinasie of tenkmengsel met enige ander produk of landboumiddel gebruik wat nie spesifiek op hierdie etiket gelys is nie. Meridian Agrochemical Company (Edms.) Bpk. aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige negatiewe gevolge indien die instruksies op die etiket nie nagekom word nie, tensy 'n Meridian verteenwoordiger vooraf geraadpleeg is.

## WEERSTANDBESTUUR

Vir weerstandsbestuur is **FLICK-FLACK** deel van die triasolopirimidiengroep van onkruidodders wat die ALS (**A**seto**L**aktaat **S**intese/**A**ceto**L**actate **S**ynthase) inhibering as metode van werking het. Dit word as HRAC Groepkode B onkruidodders geklassifiseer. Enige onkruidpopulasie mag individue insluit wat 'n natuurlike weerstand teen **FLICK-FLACK** en enige ander Groepkodes B of ALS-inhibeerder onkruidodders het. Die weerstandbiedende individue kan uiteindelik die onkruidbevolking oorheers indien hierdie onkruidodders herhaaldelik aangewend word. Hierdie weerstandbiedende onkruid mag dan nie deur **FLICK-FLACK** of enige ander Groepkodes B of ALS-inhibeerder onkruidodders beheer word nie.

### Om weerstand teen onkruidodders te vertraag:

- Vermyn die eksklusiewe herhaaldelike gebruik van swamdoders met dieselfde Onkruidoddergroepkode. Wissel af met, of gebruik tenkmengsels van geregistreerde produkte in verskillende Onkruidoddergroepkodes.
- Integreer ander beheermaatreëls (chemies, verbouing, biologies) in onkruidodderprogramme.
- Hou rekord van onkruidoddergebruik van elke landery.
- Die verspreiding van weerstandbiedende onkruidsaad en plantegroei na ander landerye moet verhoed word deur die skoonmaak van oes- en bewerkingstoerusting en deur onkruidvrye saad te plant.
- Met beweiding, begin by landerye met die laagste onkruidweerstand alvorens na landerye met hoë weerstand beweeg word om sodoende die verspreiding van saad deur diere te verhoed.
- Alle landerye moet jaarliks ondersoek word om moontlike weerstand vroegtydig te identifiseer.

Vir spesifieke inligting oor weerstandsbestuur moet die registrasiehouer van hierdie produk gekontak word.

Die teenwoordigheid van weerstandbiedende onkruid is moeilik om voor gebruik te bepaal en gevolglik kan nog die Registrasiehouer of die Verspreider verantwoordelikheid aanvaar vir enige verlies wat veroorsaak is deurdat **FLICK-FLACK** nie weerstandbiedende onkruid beheer nie. Moenie **FLICK-FLACK** op sy eie in omstandighede waar onkruidweerstand bekend is, gebruik nie. Sub-standaard toedienings van **FLICK-FLACK** sal tot swak onkruidbeheer lei en onkruidodderweerstand aanmoedig. Dit is uiters belangrik om behandelde gebiede met gereelde interalle te ondersoek om sodoende die bestaan van weerstandbiedende onkruid betyds te identifiseer.

## METODE VAN WERKING

**FLICK-FLACK** is 'n ALS-inhibeerder. Dit is 'n sistemiese onkruidodder. Die opname in die plant geskied deur die wortels, lote en blare van die plant wat dit translokeer na die groeipunte. Die groei van vatbare onkruid word vining deur **FLICK-FLACK** gehibeer. Die sigbare simptome van die sterwende onkruid mag egter eers na 1 - 3 weke na toediening sigbaar wees; afhangend van die vatbaarheid van die onkruid, asook die groeitoestande.

## GEBRUIKSAANWYSINGS

Gebruik slegs soos aangedui.

## VERENIGBAARHEID

Die verenigbaarheid van **FLICK-FLACK** met ander produkte hang van die formulering van die betrokke produkte af, asook die kwaliteit van die spuitwater wat gebruik word. Omdat formulering van tyd tot tyd kan verander, word dit aanbeveel dat 'n fisiese verenigbaarheidstoets uitgevoer word, voordat die tenkmengsel gemaak word. Moet nie **FLICK-FLACK** met enige ander produkte wat nie in hierdie etiket verskyn, meng nie. **FLICK-FLACK** is met **ALKONOX EC**, **BROMOXY EC** en **PRISM 20 WG** verenigbaar.

**Wanneer ander produkte saam met FLICK-FLACK in 'n spuitprogram gebruik word, moet die etikette van daardie produkte geraadpleeg word om die gebruiksaanwysings en beperkinge, asook wisselbou-aanbevelings, vas te stel.**

Raadpleeg 'n Meridian Agritech verteenwoordiger vir besonderhede.

## MENG- EN TOEDIENINGSINSTRUKSIES

**FLICK-FLACK** is 'n suspensiekonsentraat formulering wat maklik met water meng indien die volgende vermengingsinstruksies nagekom word:

- Maak die spuittenk kwart- tot halfvol met geskikte water.
- Begin met roering.
- Voeg die verlangde hoeveelheid **FLICK-FLACK** in die spuittenk.
- **Konstante roering** moet met die volmaak van die spuittenk, asook tydens bespuiting, geskied.
- Die **FLICK-FLACK** spuitmengsel moet binne 24 uur na vermenging gebruik word, aangesien effektiwiteit verminder a.g.v. produk-afbraak. Deeglike roering moet plaasvind voor hergebruik. Die spuitapparaat moet deeglik na elke spuitsessie skoongespoel word. (sien "Skoonmaak van Spuit" hieronder).

## SKOONMAAK VAN SPUIT

Om daaropvolgende skade aan gewasse anders as Koring en Hawer te vermy, moet alle residue van **FLICK-FLACK** vanuit die meng- en spuittoerusting soos volg verwyder word:

- Dreineer die spuittenk onmiddellik na die bespuiting. Enige kontaminasie aan die buitekant van die spuittenk moet met skoon water afgewas word.
- Spoel die binnekant van die tenk met skoon water en spuit ten minste een tiende van die spuittenk se volume deur die pype en spuitpunte. Tap die tenk heeltemal leeg.
- Maak die spuittenk halfvol met skoon water en voeg die korrekte hoeveelheid skoonmaakmiddel by. Voeg by elke 100 l van die finale tenkvolume, 350 ml huishoudelike ammoniak (9.5% ammoniak) in die water, bv. in die geval van 'n 1 000 l spuittenk, maak dit met 500 l water vol en voeg 3.5 l (= 10 x 0.35 l) huishoudelike ammoniak by. Die aanvanklike oplossing (wat nou dubbelsterkte is), moet deeglik geroer word. Hierdie oplossing moet deur die pype en spuitpunte vir nagenoeg 1 minuut gespuit word. Voeg water by die tenk totdat dit vol is en laat staan vir 15 minute terwyl roering plaasvind. Na hierdie 15 minute periode moet die pype en spuitpunte weer gespoel word en daarna word die tenk deeglik gedreineer.
- Verwyder die spuitpunte en siwwe en plaas dit in 'n emmer wat 40 ml huishoudelike ammoniak per 10 l water bevat.
- Spoel die tenk weer deeglik met skoon water uit. Spuit ten minste een tiende van die tenk se kapasiteit deur die pype en spuitpunte.
- Spuit alle spoelwater op 'n veilige manier weg. Moenie op sensitiewe gewasse, of op lande waarop sensitiewe gewasse geplant gaan word, spuit nie.

## VOORSORGMATREËLS MET SKOONMAAK VAN SPUIT

- Moet nie die dampe van die skoonmaakmiddel inasem nie.
- Vermy oog- en velkontak.
- Indien daar vel- of oogkontak was, spoel dadelik met genoegsame water en verkry mediese advies.
- Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.

- Hou die skoonmaakmiddels slegs in hul oorspronklike houers.

## TOEDIENINGSMETODES

Maak seker dat die spuittoerusting korrek gekalibreer is en gereeld nagegaan word tydens toediening om egalige en akkurate toediening te verseker. Verseker eweredige bedekking.

### Grondtoediening

- **FLICK-FLACK** kan met enige geskikte medium of hoë volume spuitapparaat toegedien word, mits dit toegerus is met 'n doeltreffende roermeganisme wat die spuitmengsel eweredig oor die teikengebied versprei. Die beste resultate word met platwaaierspuitpunte en met 'n minimum spuitvolume van 150 – 200 ℓ water per hektaar verkry. Vir 'n kousbalkspuit moet 'n spuitvolume van 75 – 100 ℓ water per hektaar gebruik word.

### Lugtoediening

Lugtoediening mag slegs deur 'n geregistreerde lugbespuitingsoperateur met 'n korrek gekalibreerde, geregistreerde vliegtuig volgens die instruksies van SANS Kode 10118 (Aerial Application of Agricultural Pesticides) gedoen word. Dit is belangrik om te verseker dat die spuitmengsel eweredig oor die teikenarea versprei word en dat die verlies aan spuitmengsel tydens toediening tot 'n minimum beperk word. Dit is dus belangrik om aan die volgende vereistes te voldoen:

### Toerusting

- Gebruik geskikte atomiseringsapparaat wat die vereiste druppelgrootte en bedekking sal produseer, maar wat die minste verlies van produk deur wegdrywing sal verseker.
- Die spuitstelsel moet 'n druppelspektrum met die kleinste moontlike relatiewe span produseer.
- Al die spuitkoppe en atomiseerders moet in die binneste 60 - 75% van die vlerkspan geplaas word om te verhoed dat die druppels binne-in die vlerkvorteks beweeg.

### Toedieningsparameters

- 'n Druppelspektrum met 'n VMD van 300 – 350 mikron word aanbeveel. Verseker dat die produksie van fyn druppels, met 'n VDM van kleiner as 150 mikron, tot 'n minimum beperk word.
- Die hoogte van die spuitbalk moet tussen 3 en 4 meter bokant die teiken gehandhaaf word.
- Moet nie spuit wanneer die vliegtuig besig is om te klim, te draai, te duik, of terwyl dit uitklim nie.
- 'n Minimum volume van 30 - 35 ℓ spuitmengsel per hektaar word aanbeveel. Aangesien hierdie produk nie teen 'n verlaagde volume getoets is nie, kan die registrasiehouer nie effektiwiteit waarborg, of verantwoordelik gehou word vir enige nadelige effek indien hierdie produk teen 'n laer volume as hierbo aanbeveel, uit die lug toegedien word nie.
- 'n Druppelbedekking van 25 - 35 druppels per vierkante cm moet op die teikenarea herwin word.

### Meteorologiese Toestande

- Die verskil tussen die nat- en droëbollesing, soos met 'n swaaihygrometer bepaal, moet nie 8°C oorskry nie.
- Moenie toedien tydens turbulente, onstabiele toestande, of gedurende die hitte van die dag wanneer stygende en dalende konveksie-windbewegings plaasvind nie.
- Moenie tydens temperatuur-inversie-toestande (deur bokant of binne-in die inversielaag te spuit) en/of gedurende hoë humiditeitstoestande toedien nie, aangesien dit kan lei tot:
  - a) Verlaagde effektiwiteit a.g.v. suspensie of verdamping van klein druppels in die lug.
  - b) Skade aan ander sensitiewe gewasse en nie-teikenareas deur wegdrywing van die spuitwolk vanaf die teikenarea
- Moet nie spuit wanneer die windspoed 15 km per uur oorskry nie..

### Algemeen

- Verseker dat die lande akkuraat gemerk is en dat die spuitoperateur presies weet watter lande gespuit moet word.
- Verkry 'n versekering van die lugspuitoperateur dat daar aan al die bogenoemde vereistes voldoen sal word en dat al die betrokke data vir toekomstige verwysing saamgevat sal word.

## AANBEVELINGS

GEWAS / ONKRUID	DOSIS / ha	OPMERKINGS
<b>GROND- EN LUGTOEDIENING</b>  <b>KORING en HAWER</b>  <i>Raphanus</i> + ander gelyste onkruide	50 ml <b>FLICK-FLACK</b>	<p>Verseker dat die aanwysings onder "GEBRUIKSAANWYSINGS" gevolg word.</p> <p>Dien toe tussen die 2-blaar en einde van stoelstadium van gewas; wanneer die onkruide in die saailingstadium (2-4 blaar) is.</p> <p>Waar grasonkruide soos wildehawer, kanariesaadgras of raaigras problematies in koring voorkom, mag tenkmengsels soos aanbeveel onder "VERENIGBAARHEID", gebruik word.</p>
	50 ml <b>FLICK-FLACK</b> + 350 ml <b>BROMOXY EC</b>	<p>Verseker dat die aanwysings onder "GEBRUIKSAANWYSINGS" gevolg word.</p> <p>Dien toe tussen die 3-blaar en einde van stoelstadium van gewas; wanneer die onkruide in die saailingstadium (2-4 blaar) is.</p>
<b>GRONDTOEDIENING</b>  <b>Koring</b>  <i>Raphanus</i> + ander gelyste onkruide	50 ml <b>FLICK-FLACK</b>  Plus  10.5 g <b>PRISM 20 WG</b>	<p>Verseker dat die aanwysings onder "GEBRUIKSAANWYSINGS" gevolg word.</p> <p>Dien toe tussen die 3-blaar en einde van stoelstadium van gewas; wanneer die onkruide in die saailingstadium (2-4 blaar) is.</p> <p><b>Nota:</b> Raadpleeg die <b>PRISM 20 WG</b> etiket vir volledige besonderhede.</p>

## NOTA

- **FLICK-FLACK** mag onder sekere omstandighede blaarafsnoering en/of blaarvergelying van die onderste blare van Koring en Hawer veroorsaak. Dit sal egter geen negatiewe effek op die opbrengs hê nie.
- Om maksimum beheer van breëblaaronkruide te kry, moet **FLICK-FLACK** saam met **BROMOXY EC** op jong onkruide in hul saailingstadium toegedien word, voordat hul verby die 4-blaarstadium ontwikkel. Onkruide moet aktief onder vogtige toestande groei. Onkruide wat onder droogtestremming verkeer, mag minder gevoelig wees.

## ONKRUIDE WAT NORMAALWEG BEHEER WORD

Die volgende onkruide sal normaalweg deur **FLICK-FLACK** beheer word:

<i>Anagallis arvensis</i>	Blouselblommetjie (Pimpernel)
<i>Arctotheca calendula</i>	Soetgousblom (Gousblom)
<i>Lupinus angustifolius</i>	Opslaglupiëne
<i>Malva parviflora</i>	Kiesieblaar
<i>Polygonum aviculare</i>	Voëlduisendknoop (Koperdraadgras; Litjiesgras)
<i>Raphanus raphanistrum</i>	Ramenas
<i>Medicago</i> spp. / <i>Trifolium</i> spp.	Klawers
<i>Urtica urens</i>	Kleinbrandnetel (Bosbrandnetel)

Die volgende onkruide sal normaalweg deur **FLICK-FLACK + BROMOXY EC** beheer word:

<i>Anagallis arvensis</i>	Blouselblommetjie (Pimpernel)
---------------------------	-------------------------------

<i>Arctotheca calendula</i>	Soetgousblom (Gousblom)
<i>Emex australis</i> *	Kaapse dubbeltjie
<i>Lupinus angustifolius</i>	Opslaglupiëne
<i>Malva parviflora</i>	Kiesieblaar
<i>Polygonum aviculare</i>	Voëlduisendknoop (Koperdraadgras; Litjiesgras)
<i>Raphanus raphanistrum</i>	Ramenas
<i>Medicago</i> spp. / <i>Trifolium</i> spp.	Klawers
<i>Urtica urens</i>	Kleinbrandnetel (Bosbrandnetel)

\*Vir die beheer van *Emex australis*, gebruik slegs grondtoediening en NIE lugtoediening nie.

**Die volgende onkruid sal normaalweg deur FLICK-FLACK + PRISM 20 WG beheer word:**

<i>Arctotheca calendula</i>	Soetgousblom (Gousblom)
<i>Malva parviflora</i>	Kiesieblaar
<i>Medicago</i> spp. / <i>Trifolium</i> spp.	Klawers
<i>Raphanus raphanistrum</i>	Ramenas
<i>Urtica urens</i>	Kleinbrandnetel (Bosbrandnetel)

Die **FLICK-FLACK** behandelings beheer die bogenoemde onkruidspesies. Sekere onkruidspesies wat nie in die ontwikkelingsproewe van die produk teenwoordig was nie, mag dalk ook in 'n sekere mate beheer word. Die registrasiehouer aanvaar geen verantwoordelikheid vir onkruid wat nie gelys is nie.

#### **ERKENNING VAN HANDELSMERKE**

Alkanox EC (L9764)  
 Bromoxy EC (L9115)  
 Prism 20 WG (L8131)

Meridian Agrochemical Company (Edms.) Bpk.  
 Meridian Agrochemical Company (Edms.) Bpk.  
 Meridian Agrochemical Company (Edms.) Bpk.